higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

FINANSIËLE REKENINGKUNDE N4

(4010164)

26 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
FINANSIËLE REKENINGKUNDE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

Bied die inligting, wat hier onder gegee word, in die formaat van 'n rekeningkundige vergelyking aan.

Die inligting is uit XYZ Traders se boeke geneem.

Die onderneming se prysverhoging (prystoeslag) op die kosprys is 25% en die onderneming doen 'n voorraadopname op 'n periodieke grondslag.

01 Mev Mandi, die eienaar van XYZ Traders, deponeer R200.000,00 in kontant in die onderneming se bankrekening as haar aanvangsbydrae tot die entiteit se kapitaal.

11 Toerusting ter waarde van R300 000 word kontant aan die Royal Garden-hotel verkoop.

24 Handelsvoorraad word teen R180 000 kontant by ZZY aangekoop.

26 Skryfbehoeftes ter waarde van R700 word op krediet gekoop.

[20]

VRAAG 2

Die inligting, wat hier onder gegee word, is uit Madzhia Traders se boeke geneem.

VERLANG

2.1 Voltooi die kontantontvangstejoernaal en die kontantbetalingsjoernaal op 30 Junie 2018. (12)

2.2 Doen 'n oorboeking na die bankrekening van die balansstaatrekeningeafdeling in die algemene grootboek en balanseer die bankrekening. (6)

2.3 Stel die bankrekonsiliasiestaat op 30 Junie 2018 op. (7)

INLIGTING

Die volgende inligting is verkry nadat Madzhia Traders se kontantontvangstejoernaal en kontantbetalingsjoernaal met sy bankrekening op 30 Junie 2018 vergelyk is. Madzhia Traders het 'n rekening by Bona Bank.

Saldo's	
Gunstige saldo in die bankrekening (01-06-2018)	46 000
Oortrokke saldo in die bankstaat (30-06-2018)	126 013
Totale van bankkolomme op 30 Junie 20198 op die volgende:	
Kontantontvangstejoernaal	541 600
Kontantbetalingsjoernaal	602 133

Kopiereg voorbehou

BYKOMENDE INLIGTING

1 Die bank debiteer Madzhia Traders se rekening verkeerdelik met tjek nr. 233 wat deur Mazwia Traders getrek is – R70 667.

2 'n Deposito van R42 667, wat op 30 Junie 2018 in die kontantontvangstejoernaal ingesleutel is, word elektronies op 1 Julie 2018 by die bank gedeponeer.

3 Tjek nr. 231 en 232 verskyn op die bankstaat vir September, maar tjek nr. 234 verskyn nie daarop nie – R4 000.

4 'n Debiteur, M. Zahara, betaal R12 667 direk in Madzhia Traders se bankrekening by Bona Bank in.

5 'n Tjek van R4 666, wat van K. Manugeni as vereffening van haar rekening ontvang is, word op 24 Junie 2018 teruggestuur.

6 'n Stoporder van R8 267 ten opsigte van die versekering van die gebou, wat aan Santum Insurers betaalbaar is, verskyn op 21 Junie 2018 op die bankstaat.

7 Die volgende items verskyn aan die debietkant van die bankstaat vir Junie 2018:

Rente	R747
Diensgelde	R973
Tjekboekgelde	R160

[25]

VRAAG 3

Die inligting hier onder word uit Petunialink Traders se boeke vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018 onttrek:

VERLANG

3.1 Stel Petunialink Traders se inkomstestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018 op. (30)

3.2 Stel die ekwiteit-en-laste-afdeling van die balansstaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018 op. (5)

3.3 Skryf die volgende aantekeninge by die balansstaat:

3.3.1 Eiendom, toerusting en voertuie (14)

3.3.2 Kontant en kontantekwivalente (4)

3.3.3 Kapitaal (4)

3.3.4 Handelskrediteure en ander betaalbare rekeninge (5)

Kopiereg voorbehou

INLIGTING

PETUNIALINK TRADERS SE VOORAANSUIWERINGSPROEFBALANS OP 28 FEBRUARIE 2018

	FOL	DT	KT
BALANSSTAATREKENINGE-AFDELING			
Kapitaal	B1		308 250
Onttrekkings	B2	62 465	
Toerusting	B3	298 890	
Voertuie	B4	449 425	
Opgehoopte waardevermindering op toerusting	B5		126 096
Opgehoopte waardevermindering op voertuie	B6		279 690
Handelsvoorraad (1 Maart 2017)	B7	324 740	
Debiteurekontrole	B8	48 180	
Bankstaat	B9	11 995	
Kleinkas	B10	1 500	
Los kontant	B11	1 250	
Krediteurekontrole	B12		60 910
Lening: Tek Bank (15%)	B13		250 000
NOMINALEREKENINGE-AFDELING			
Verkope	N1		801 150
Koste van verkope	N2	317 375	
Debiteurekortings	N3	15 625	
Korting toegestaan	N4	16 170	
Rente op lening	N5	37 500	
Water en elektrisiteit	N6	26 170	
Rente op vaste deposito	N7		13 420
Slegte skuld verhaal	N8		475
Slegte skuld	N9	16 225	
Bankkoste	N10	2 265	
Versekering	N11	170 000	
Reklame	N12	11 480	
Korting ontvang	N13		18 140
Lone		41 700	
Skryfbehoeftes		5 170	

BYKOMENDE INLIGTING

1. Daar word 'n fisiese voorraadopname aan die einde van die finansiële jaar op 28 Februarie 2018 gedoen en die volgende voorraad is steeds voorhande:

   Handelsvoorraad R316 245
   Skryfbehoeftes R1 920

2. Die rekening van M. Tshedza, 'n debiteur, moet as oninbaar afgeskryf word – R680.

Kopiereg voorbehou

3. Suiwer die voorsiening vir slegte skuld tot 5% van debiteure aan.

4. Die voorsiening vir korting toegestaan moet uit 4% van handelsdebiteure geskep word.

5. Die water-en-elektrisiteitsrekening vir Februarie is steeds betaalbaar – R4 965.

6. Maak volgens die afnemendesaldometode voorsiening vir waardevermindering op voertuie teen 20% per jaar op die kosprys en op toerusting teen 15% per jaar op die kosprys. (Neem in aanmerking dat die voertuig met die bruto drawaarde van R150 000 teen R91 000 kontant verkoop is. Die opgehoopte waardevermindering tot en met die verkoopsdatum was R71 465.)

7. Rente ontvang sluit die bedrag van R3 000 in wat op die volgende finansiële jaar van toepassing is.

8. Maak voorsiening vir die uitstaande rente op die lening. Die lening is op 1 aart 2015 aangegaan.

9. Maak voorsiening vir regskoste van R40 000 wat in die volgende finansiële jaar betaalbaar sal wees.

10. Die versekering sluit 'n polis met 'n jaarlikse premie van R120 000 in, wat elke jaar op 1 Januarie betaalbaar is.

[62]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

VERLANG

4.1 As Thana Traders se rekenmeester word jy versoek om die onderneming se kontantposisie te bespreek deur die kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018 op te stel. (19)

4.2 Toon die volgende aantekeninge/berekeninge:

Rekonsiliasie van netto wins, met kontant uit bedrywighede gegenereer (14)

THANA TRADERS SE BALANSSTAAT SOOS OP 28 FEBRUARIE 2018

	AANTEKENINGE	2017	2018
BATES			
Niebedryfsbates			
Eiendom, toerusting en voertuie		199 725	242 925
Ander finansiële bates		15 000	30 000
Bedryfsbates			
Voorraad		28 950	35 475
Handels- en ander debiteure		19 650	10 350
Kontant en kontantekwivalente		19 050	4 425
TOTALE BATES		282 375	323 175
EKWITEIT EN LASTE			
Kapitaal		150 000	238 875
Niebedryfslaste			
Verband: Trust Bank		112 500	75 000
Bedryfslaste			
Handels- en ander krediteure		19 875	9 300
TOTALE EKWITEIT EN LASTE		282 375	323 175

Kopiereg voorbehou

AANTEKENINGE BY DIE BALANSSTAAT

AANTEKENING 1: EIENDOM, TOERUSTING EN VOERTUIE

	2017		
	Bruto drabedrag	Opgehoopte waardever-mindering	Netto drabedrag
Grond en geboue	136 800		136 800
Toerusting	67 500	18 525	48 975
Voertuie	33 150	19 200	13 950
	237 450	37 725	199 725

	2018		
	Bruto drabedrag	Opgehoopte waardevermindering	Netto drabedrag
Grond en geboue	180 000		180 000
Toerusting	52 500	19 125	48 975
Voertuie	48 750	19 200	13 950
	281 250	38 325	342 925

	2017	2018
AANTEKENING 2: ANDER FINANSIËLE BATES		
Vaste deposito: World Bank	15 000	30 000
AANTEKENING 3: VOORRAAD		
Handelsvoorraad	28 950	35 475
AANTEKENING 4: HANDELS- EN ANDER DEBITEURE		
Debiteurekontrole	19 650	10 350
AANTEKENING 5: KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE		
Bank	19 050	4 425
AANTEKENING 6: KAPITAAL		
Saldo aan die begin van die jaar	108 975	150 000
Plus: Netto wins	59 775	118 875
Min: Onttrekkings	18 750	30 000
	150 000	238 875
AANTEKENING 7: RENTEDRAENDE LASTE		
Langtermynlening: Trust Bank (19%)	112 500	75 000
AANTEKENING 8: HANDELS- EN ANDER KREDITEURE		
Krediteurekontrole	19 875	9 300

BYKOMENDE INLIGTING

1. Die volgende inligting is uit die inkomstestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018 onttrek:

Kopiereg voorbehou

Omset	R 118 875
Rente op lening	?
Rente op vaste deposito	?
Waardevermindering	34 350

2. Toerusting met ’n kosprys van R33 750 word gedurende die finansiële jaarverkoop. Die opgehoopte waardevermindering wat ten tyde van die verkoopstransaksie afgeskryf word, bedra R15 000.

3. ’n Voertuig met ’n kosprys van R41 250 word gedurende die jaar verkoop. Die boekwaarde ten tyde van die verkoopstransaksie is R22 500.

4. Thana Traders besluit op 28 Februarie 2018 om R37 500 van sy lening te betaal.

5. Die vaste deposito word op 31 Augustus 2018 met R15 000 verhoog.

[33]

VRAAG 5

VERLANG

Stel Jeremiah Traders se departementele inkomstestaat vir die jaar geëindig 31 Januarie 2018 op met behulp van die inligting wat hier onder voorsien word.

Jeremiah Traders dryf handel in vroueklere en parfuum. Al die goedere word teen 40% op die kosprys verhoog.

Die onderneming doen sake deur die periodiekevoorraadstelsel te gebruik wanneer hy voorraadopnames doen.

Die volgende inligting verskyn in Jeremia Traders se boeke op 28 Januarie 2017:

		Vroueklerasie-afdeling	Parfuumafdeling
		R	R
Aankope		120 000	60 000
Vervoerkoste vir verkope		6 225	9 375
Voertuig		95 000	45 000
Handelsvoorraad – 1 Julie 2017		118 688	63 750
Handelsvoorraad – 30 Junie 2018		35 625	30 938
Verkope		213 750	160 875
Vervoerkoste vir aankope		6 750	3 375
Opbrengste op verkope		2 250	1 500
Aankopeterugsendings		250	938
Korting ontvang		563	300
Diverse uitgawes		6 750	5 250
Skryfbehoeftes	2 600		
Reklame	16 875		
Lone	165 000		
Huurinkomste	44 250		

ALGEMENE INLIGTING

Departemente	Aantal werkers	Vloerruimte
Vroueklere	7	70 m^2
Parfuum	3	30 m^2

AANSUIWERINGS

1. Waardevermindering op toerusting moet teen 18% p.j. op die kosprys afgeskryf word.

2. Die skryfbehoeftes wat tot en met 1 Mei 2018 verbruik is

3. Die vervoerkoste vir verkope is steeds uitstaande vir die vroueklerasie-afdeling – R320.

4. Skuld ter waarde van R500 deur die parfuumafdeling moet as oninbaar afgeskryf word.

5. Parfuum ter waarde van R400 moet aan die vroueklerasie-afdeling oorgedra word. Geen inskrywing is in die boeke gemaak nie.

6. Die bestuurder van die parfuumafdeling het nog nie haar prestasiebonus vir hierdie jaar ontvang nie – R5 000.

7. Die waarde van die eindvoorraad, volgens ’n fisiese voorraadopname is soos volg: Harveyteëls, R81 972, en vloerteëls, R114 717.

8. Die koste word soos volg toegewys:
   - Lone soos per aantal werkers
   - Reklame, op grond van verkope
   - Die huurinkomste moet gelyk gedeel word.

[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

Die inligting hier onder is uit Rosa's Football Club se boeke op 31 Desember 2017 onttrek.

VERLANG

Stel die volgende rekeninge in die algemene grootboek op:

6.1 Voltooi Rosa's Football Club se snoepiehandelsrekening vir die jaar geëindig 28 Februarie 2017. (5)

6.2 Stel die ledegeldrekening op. (15)

A. Die volgende saldo's en totale is op 1 Januarie 2017 onttrek:

	R
Snoepievoorraad (1 Maart 2017)	4 000
Inkomste vooruit ontvang (ledegelde)	625
Vaste deposito: VBS Bank (20% p.j.)	62 500
Opgelope inkomste (ledegelde)	1 875
Opgelope uitgawes (skryfbehoeftes)	300
Opgelope fonds	101 500
Voertuig teen kosprys	68 750
Opgehoopte waardevermindering op voertuig	24 875
Debiteurekontrole	16 938

B. Die volgende is uit die ontvangste- en betalingsrekords vir die jaar geëindig 31 Desember 2018 onttrek:

BETALINGS		**ONTVANGSTE**	
	R		**R**
Hekgeldontvangste	6 525	Huuruitgawe	8 000
Toegangsgelde	7 250	Ledegelde terugbetaal	700
Ledegelde:		Rente op lening	3 000
2016	625	Honorarium	2 000
2017	11 875	Water en elektrisiteit	1 230
2018	3 125	Diverse uitgawes	1 100
		Snoepie-aankope	11 188

BYKOMENDE INLIGTING EN AANSUIWERINGS

- Ledegelde bedra R625 per lid.
- Vier lede moet nog hul ledegeld vir 2017 betaal.
- Ledegelde wat steeds vir 2016 uitstaande is, moet as oninbaar afgeskryf word.
- Daar moet voorsiening gemaak word vir ledegelde wat vooruit ontvang is.
- Die snoepie se handelsvoorraad op 28 Februarie 2018 beloop R5 688.
- Waardevermindering op toerusting word teen 22% bereken.

[20]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou